EKOSORG (C)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. In te lig oor die noodsaaklikheid van bewaring.
2. Te leer dat nie net ons eie lewe nie, maar ook dié van ander ten nouste met bewaring saamhang.
3. Te leer dat God alles in harmonie geskep het.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis dra van die doel van natuurbewaring en balans in die natuur.
2. Die Skeppingsverhaal in die Bybel kan weergee en vasstel wat God se opdrag aan die mens in verband met die natuur is.
3. Kennis neem van vier natuurstreke in ons land en minstens een tipiese plant van elke natuurstreek ken.
4. Weet van minstens vier instansies wat vir natuurbewaring verantwoordelik is en weet wat elkeen doen om die natuur te bewaar.
5. Weet wat elkeen van die volgende beteken en 'n plant- en dierevoorbeeld van elkeen ken:
   - bedreigde spesies,
   - beskermde spesies,
   - uitgestorwe spesies.
6. Weet watter optredes van die mens 'n bedreiging vir die natuurlewe inhou.
7. Vasstel wat sy bydrae kan wees om die natuur te bewaar en deelneem aan 'n natuurbewaringsprojek.
8. 'n Lys saamstel van minstens ses natuurreservate in sy omgewing of provinsie.
9. Ses Nasionale parke kan aanteken op 'n kaart van Suid-Afrika en Namibië.
10. 'n Besoek bring aan 'n Nasionale park of natuurreservaat **OF** ‘n gesprek voer met ‘n natuurbewaarder.

C AANBIEDING

1. Slegs 'n definisie of 'n verduideliking wat hulle hieronder verstaan, is nodig.
2. Lees die verhaal vir die span voor. Lei die groep sodat hulle self kan vasstel wat die opdrag is. Elkeen moet duidelik verstaan wat bedoel word. Gepaste Bybelstudiestukke kan hier nuttig gebruik word.
3. 'n Tabel kan hier gebruik word, byvoorbeeld: Knysnabosse – Stinkhout- en Geelhoutboom of Weskaap – Proteas en Heide.
4. Vereistes 4, 5, 6, 8 en 9. Departemente van Natuurbewaring kan hier baie help want hulle het boeke, kaarte, prente en ander inligting beskikbaar.
5. Vereiste 7. Pak 'n projek aan wat werklik van waarde sal wees. Bewaringsinstansies kan genader word waar hulp nodig is.
6. Vereiste 10. Tydens die besoek moet die plantegroei waargeneem word en bespreek watter dierespesies daar moontlik kan voorkom. Die gesprek met ’n natuurbewaarder moet handel oor sy pligte as natuur-bewaarder.